education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 4

# AFRIKAANS HUISTAAL

## KONTROLETOETS VOORBEELD

## JUNIE 2024

## TYD: 1 UUR 30 MINUTE

## PUNTE: 40

**NAAM:** ________________________________________

**KLAS:** ________

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
   - VRAAG 1: Leesbegrip (15 punte)
   - VRAAG 2: Visuele teks (10 punte)
   - VRAAG 3: Opsomming ( 5 punte)
   - VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies in konteks (10 punte)

2. Lees al die instruksies deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Gee veral aandag aan jou spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: LEESBEGRIP (15 PUNTE)**

Lees die inligtingsteks deeglik en beantwoord die vrae.

# Verkleurmannetjies en geitjies



## Verkleurmannetjie

**Verkleurmannetjies kry hulle naam van die feit dat hul vel van kleur kan verander om met hul omgewing saam te smelt, of wanneer hulle bereig voel. Hoewel hulle baie stadig beweeg, is hulle goeie jagters wat goggas met hul lang tong kan gryp. Hulle pote is soos tangetjies waarmee hulle aan plantstingels kan vasklou. 'n Verkleurmannetjie se stert kan styf om 'n plantstingel krul om hom te anker.**

### GRILLERIGE FEIT

**'n Verkleurmannetjie se taai tong kan net so ver uitskiet as wat sy lyf lank is. As jou tong so lank was, sou jy jou eie tone kon lek!**



## Geitjie

**Geitjies is soos die superhelde van die reptielwêreld. Hulle kan in die donker rondbeweeg en blitsvinnig teen mure uitklouter. Geitjies kan teen mure uitklouter omdat hulle spesiale "klou-strokies" onder hul vingers en tone het. Hulle kom meestal in die nag uit om kos te soek. Om beter in die donker te sien, het hulle groot, ronde oë. Geitjies kom in woestyne, berge, woude en gras-en bossieveld voor.**

### GRILLERIGE FEIT

**'n Geitjie kan sy oë met sy tong skoonlek.**

[**Bron**: *Die wonderwêreld van reptiele en amfibieë* deur Jaco Jacobs & Fanie Viljoen]

**Vrae**

1.1 Waar kry verkleurmannetjies hul naam vandaan? (1)

______________________________________________

1.2 Waarom verander verkleurmannetjies van kleur? Noem twee redes. (2)

______________________________________________

______________________________________________

1.3 Onderstreep of glimeer die regte antwoord. (1)

Verkleurmannetjies beweeg baie (vinnig / stadig / skielik / haastig).


1.4 Kies die regte antwoord. 'n Verkleurmannetjie gebruik sy tone en vingers om… (1)

A sy prooi te vang.

B gate in die grond te maak.

C aan plantstingels vas te klou.

D kleur te verander.



1.5 Waarvoor gebruik die verkleurmannetjie sy stert? (1)

______________________________________________

1.6 Sou jy daarvan gehou het om 'n tong soos 'n verkleurmannetjie te hê? Merk die blokkie van jou keuse en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

| Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|

______________________________________________

Kopiereg voorbehou 

1.7 Waarom kan geitjies as die superhelde van die reptielwêreld beskou word? (1)

______________________________________________________________

1.8 Hoe kry geitjies dit reg om teen mure uit te klouter? (1)

______________________________________________________________

1.9 Kies die regte antwoord. Waar kom geitjies oral voor? (1)

A woestyne, berge, woude en die see.

B woestyne, berge, woude en riviere.

C berge, woude, riviere en gras-en bossieveld.

D woestyne, berge, woude en gras-en bossieveld.



1.10 Hoe is geitjies se oë aangepas om goed in die donker te kan sien? (1)

______________________________________________________________

1.11 Watter grillerige ding kan geitjies met hul tonge doen? (1)

______________________________________________________________

1.12 Dink jy, geitjies en verkleurmannetjies is nuttige diertjies? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | |

______________________________________________________________

______________________________________________________________




**VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 PUNTE)**

Kyk na die diagramme oor 'n luiperdgeitjie en beantwoord die vrae daaroor.

**Wat eet 'n luiperdgeitjie?**

Geitjies vang insekte. Wanneer hulle die insekte eet, kry hulle die nodige voedingstowwe in om gesond te lewe.




**Vrae**

2.1 Waaroor gaan die inligting op hierdie diagramme? (1)

________________________________________________________

2.2 Hoe kry luiperdgeitjies hul voedingstowwe? (1)

________________________________________________________

2.3 Hoe gereeld moet luiperdgeitjies 'n vetterige insek eet? (1)

________________________________________________________

Kopiereg voorbehou 

2.4 Van watter voedingstof het hulle die meeste nodig? (1)

______________________________________________________________

2.5 Noem twee voorbeelde van die insekte wat luiperdgeitjies sal eet. (2)

______________________________________________________________

2.6 Die sirkeldiagram wys dat luiperdgeitjies pampoen en wortels nodig het. Hoe "eet" hulle pampoen en wortels as hulle net insekte eet? (1)

______________________________________________________________

2.7 Hoe gereeld moet luiperdgeitjies 'n laevet insek eet? (1)

______________________________________________________________

2.8 Sal jy daarvan hou om van die luiperdgeitjie se kos te eet? Kies die blokkie van jou keuse en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | |

______________________________________________________________

______________________________________________________________



**VRAAG 3: OPSOMMING (5 PUNTE)**

Skryf 'n opsomming van 40 – 50 woorde oor die Tropiese huisgeitjie.

## Tropiese huisgeitjie

Die tropiese huisgeitjie is 'n reptiel en kom meestal in die Laeveld van Suid-Afrika voor. Dit is inheems in Afrika, suid van die Sahara-woestyn en kom uitheems in Noord-, Sentraal- en Suid-Amerika voor.

Die geitjie raak van snoet tot agterent ongeveer 12,7 cm groot. Aangesien dit 'n nagdier is, het die geitjie baie groot oë, wat hy gebruik om sy prooi raak te sien in die donkerte.

Die geitjie kan teen reguit mure en steil kranse opklouter deur spesiale aanpassings aan sy pote. Daar is kussinkies op sy tone wat bestaan uit klein rye haartjies. Hierdie haartjies gee hom die vermoë om so te klouter.

Die geitjie se liggaam kan laer temperature as ander reptiele verdra. Dit gee hom die vermoë om snags aktief te wees en te jag. Hulle maak gulsig jag op vlieënde en kruipende insekte wat in die nag aktief is. Hulle wag gewoonlik naby ligte, waar hulle insekte vang wat deur die lig aangetrek word. Die geitjie eet nie altyd dieselfde kos nie. Hulle sal diere soos spinnekoppe, skerpioene, kakkerlakke en motte eet. Sy belangrikste voedselbron is lede van insek-familie, wat sprinkane en krieke insluit.

Geitjies is van die min reptiele wat geluide kan maak. Gewoonlik maak hulle opgewonde klikgeluide. Verder kan die geluide wat die geitjie maak wissel van 'n sagte piep tot vinnige, kort piepende geluide. Hulle word veral op 'n stil nag gehoor wanneer hulle naby 'n oop venster sit en roep.

**<u>Die tropiese huisgeitjie</u>**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________


______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

| Kriteria | 4 punte | 3 punte | 2 punte | 1 punt | 0 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| **Hoofgedagtes** | 4-5 hoofgedagtes | 3 hoofgedagtes | 2 hoofgedagtes | 1 hoofgedagte | 0 hoofgedagtes |
| **Sinskonstruksie** | | | | Goeie sinskonstruksie (1-2 leesteken- en/of spelfoute). | Swak sinskonstruksie (meer as 2 leesteken- en/of spelfoute). |

**VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES (10 PUNTE)**

Lees die reptiel-grappies en beantwoord die taalvrae.

| | |
|---|---|
| <br>**Wat is die verskil tussen 'n krokodil en ons Wiskunde-juffrou?**<br>'n Krokodil is partykeer in 'n (goed) bui. | **Hoekom was die slang depressief nadat hy 'n bril gekry het?**<br>Hy het uitgevind hy was maande lank verlief op 'n tuinslang.<br> |

**Vrae**

4.1 Skryf die **meervoud** en **verkleinwoord** vir slang.

4.1.1 Meervoud: ______________________________ (1)

4.1.2 Verkleinwoord: ______________________________ (1)

4.2 Skryf die **hulpwerkwoord** in die volgende sin neer. (1)

Hy het uitgevind hy was verlief. ______________

4.3 Glimeer of onderstreep 'n **lidwoord** in die volgende sin: (1)

Die krokodil is partykeer in 'n goeie bui.

4.4 Die slang kry 'n bril.

4.4.1 Wat is die **onderwerp** van die sin? ______________________ (1)

4.4.2 Wat is die **gesegde** van die sin? ______________________ (1)

4.4.3 Wat is die **voorwerp** van die sin? ______________________ (1)

4.5 Kies ‘n voornaamwoord wat in die volgende sin sal pas. (1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| almal | myne | ons | jy |

_______________ Wiskunde-juffrou is in ‘n slegte bui.

4.6 Skryf die **stam** of **basisvorm** van verlief. __________________________ (1)

4.7 Skryf die sin oor en skryf die regte vorm van die **byvoeglike naamwoord** in hakies. (1)

Die krokodil is partykeer in ‘n (goed) bui.

__________________________________________________________________

**TOTAAL: 40**



Kopiereg voorbehou